

NG KERK PETRUSBURG

Deur God se genade
'n biddende gemeente,
wat mekaar in liefde dien en
uitreik na die wêreld.



Leraar: Ds. Jaco Thom ☎ 084 523 1157 ✉ jaco@ngkerkpetrusburg.co.za
Skriba: Madette Lombaard ☎ 053 574 0279 ✉ ngkpetrusburg@gmail.com
Orrelis: Elmien Thom ☎ 084 562 3434 ✉ elmien@ngkerkpetrusburg.co.za
Koster: Annamarie Dercksen ☎ 072 499 4262 ✉ annamarie.dercksen@yahoo.com
www.ngkerkpetrusburg.co.za  NG Kerk Petrusburg

29 Mei 2020

Liewe gemeentede, ons hoop en vertrou dit gaan nog baie goed met almal. Na 'n paar versoeke is dit goedgevind om 'n pamfletjie een maal 'n week uit te stuur om ons gemeentede op hoogte te bring van almal en om belangrike nuus wat die gemeente raak te deel.

Eredienste:

Graag wil ons vir ds. Jaco bedank vir die Eredienste, Hoofstuk van die dag en Pinksterboodskappe wat vir ons daaglik uitgestuur word op die bestaande WhatsApp groep. Baie dankie vir Elmien Thom wat steeds klavier speel op die Eredienste wat opgeneem word, ons waardeer die moeite en tyd wat daarin gaan.

Die Sinode verwag steeds dat die deurkollertes ingesamel word, ons sal ook weklies vir u herinner vir wie die betrokke Sondag se deurkollekte ingesamel word. U is ook welkom om dan die bankkollekte en Dankoffers asseblief elektronies oor te betaal. Onthou om asseblief met die oorbetalings verwysings by te sit soos volg:

Dankoffer + Voorletters en Van
Bankkollekte of Deurkollekte.

(Dit is nie nodig om 'n naam by te sit met inbetaling van bankkollekte of deurkollekte nie)

Deuroffers die Sondag 31 Mei - Gemeentehulp

Let asseblief daarop dat die Kerkkantoor steeds gesluit is vir die publiek. Ek (Madette) is slegs in die kantoor om die administrasie en betalings op datum te hou. Indien u enige navrae het skakel of stuur gerus 'n epos na die Kerkkantoor tussen 8:00 en 13:00. Dit is in elkeen van ons se belang om in die buitengewone omstandighede enige onnodige kontak te vermy sodat ons ook kan help om die verspreiding van Covid 19 te beperk. Baie dankie vir u begrip en samewerking hiermee.



Seënwense vir almal wat die komende week verjaar.
Mag dit 'n besondere jaar vir elkeen van julle wees:

Mei

- 29 Ina Kriel
- 30 Iset Annandale
- 31 Hennie Oberholzer

Junie

- 1 Elzette Odendal
- 1 JG Van Loggerenberg
- 2 Estie Erasmus
- 2 Ina Van Jaarsveld
- 3 Elize Barnardt
- 3 Joke Van Schalkwyk
- 4 Rene Van Loggerenberg
- 5 Jannie Venter
- 6 Kotie Du Preez

Baie geluk aan Barend en Carina met die geboorte van julle dogtertjie Eldoné 26 Maart. Mag sy vir julle baie vreugde bring.

Baie geluk aan Fanie en Winnie met die geboorte v julle kleinseun Christiaan op 5 Mei, mag hy vir julle familie ook 'n sonstraal wees in hierdie tyd!

Huweliksherdenking:

Mei 27 Koos & Ona Oosthuizen 48j

Gebedsversoeke

Voorbidding word gevra vir die volgende persone:

Minnie Griessel – knievervinging 22 Mei, die operasie het goed afgeloop.

Ons bid vir vinnige herstel.

Ons innige meegevoel met:

Merlind Janse van Rensburg en die familie met die afsterwe van
Andries Janse van Rensburg vroëer die maand en ook

Amanda van der Westhuizen, Kobus en die familie met die heengaan van
Jannie van der Westhuizen.

Mag die Here julle vertroos in die hartseer tyd en julle Sy genade en liefde ervaar.

~~~~~

Laat ons asb. weet van lief en leed sodat ons dit met die gemeente kan deel.